

Altyd honger Son- en Windballerina

L: Solifugae

A: son-, wind-, jagspinnepkop, haar-, baardskeerder, vetvreter

D: Walzenspinne

E: camel spider, sun spider or -scorpion, wind spider, jerrymander, red roman

Blitsvinnig, tot amper 60 cm/sekonde! hardloop hulle oor die grond altyd op soek na prooi. Dreigend tel hulle die lang, harige voorbene op as dit versteur word...en baie van ons is bang vir die jagspinnepkop of haar-, baardskeerder of son- of windspinnepkop; hulle word ook vetvreter genoem (omdat hulle soms so baie vreet, dat hulle agterlyf op die grond sleep). Die klomp beskrywende name dui aan, dat mense die soort spinnepkop nie miskyk nie. Die naam Solifugae beteken *vlug vir die son*.

Hierdie diertjies is nie egte spinnepkoppe nie, omdat:

hulle nie gifkliere het nie, dus ongiftig is,

hulle nie spinkliere en spintepels het nie,

hulle slegs twee enkelvoudige oë het, waar egte spinnepkoppe ses tot agt het.

Buitendien is daar nie 'n vernouing tussen kopborsstuk en agterlyf soos by egte spinnepkoppe die geval is nie.



Solifugae van voor met sterk kake en twee kraalories



Solifugae kopgedeelte van die kant gesien

Wat maak dit so grillerig? Dis blitsvinnig, dis aggressief, dis harerig en stekelrig, die kakebene is sterk en groot en lyk of hulle seer kan byt (hulle **kan!**), dit het twee pikswart glansende ogies wat blyk om stip na jou te kyk.

Veral die gelerig-oranjekleuriges is aan ons bekend, omdat hulle in die aand na die lig (vuur, oop deur) toe kom, om kos in vorm van insekte te vang en so in ons huise beland.

Allerhande grilstories oor hulle word vertel: Dat hulle hare in die nag afskeer, bv. Glo dit of nie, dit is wel bevestig!! Die wyfies van sekere soorte doen dit om hulle neste daarmee uit te lê.

Daar word ook beweer, dat hulle hare 'n allergiese reaksie op jou vel veroorsaak, as hulle oor jou hardloop.....Dis 'n wolhaarstorie! Die hare dien as tasorgaan gedurende voortbeweging.

En as daar beweer word, dat hulle byt dodelik kan wees, is dit ook nie waar nie... hulle het nie gif nie.

Hulle skuil in gate in die grond wat m.b.v. die kake en/of bene gemaak word. Die eiers word ook hier gedeponeer.

Met die sterk kake kan hulle 'n klappergeluid teweegbring.

Die knypers is so sterk dat hulle selfs voëlbeentjies kan deurknyp.

Solifugae kom op die hele Afrikaanse kontinent voor.

Solifugae is alleenlopers en toon **geen** sosiale gedrag nie; as daar kontak is, is dit vreetkontak.

Die wyfie is gewoonlik groter en vetter as die mannetjie (aangepas by Afrika?)
 Hulle vyande is goggavreters soos voëls, meerkatte, ratels, bobbejane, seker ook akkedisse en geitjies.
 Die haarskeerders wat ons gewoonlik sien, is nagaktief. Hulle is baie gulsig, vreet soveel as wat hulle kan, gewoonlik insekte, maar ook ander spinnekopagtiges (skerpioene bv.) en selfs klein geitjies en/of akkedissies.
 Hulle maak van die kos wat hulle wil inneem 'n vloeistof en suig dit dan soos 'n drankie op.



Solpugidae is gedurig op soek na prooi



Solpugidae lyk soos bollatjie grassaad as dit beweeg



grassaad waarna die spinnekop lyk

Nou het ek 'n dagaktiewe een in die veld gesien. Dit "dansskarrel" soos 'n ballerina oor die rooi sand, tussen die graspolle deur, oor stokkies en ander hindernisse. Dit draai om sigself, verander gedurig van rigting, "sweef" hierheen en daarheen. Soek dit prooi? Wil dit prooi opjaag om dit dan te vang? Dit stop nie, bly net in beweging. Eintlik kan 'n mens op die eerste oogopslag dink, dis 'n bolletjie saamgekoekte grassaadjies wat oor die grond rol.

Ek dink ons het hier te doen met Kalahari ferraris, maar is nie 100% seker nie.



Geveg tussen Solifugid en skerpioen

Die vermaaklikheidswaarde van hierdie besondere diertjie het baie van ons, wat op die plaas groot geword het, al vroeg ondervind.....gevegte tussen goggas! Nou ja, nie net kinders dink aan so iets nie, volwassenes ook. Gedurende die wêreldoorloë het soldate wat in Noordafrika gestationeer was, ook gevegte tussen spinnekopagtiges laat plaasvind om hulleself te vermaak.....met weddenskappe en al soos by boksegevegte aan die orde van die dag is.

So 'n rustelose diertjie verbruik ontsettend baie energie! Hardloop en vreet, hardloop en vreet! So is dit dan ook nie verbasend, dat hulle lewensverwachting nie een jaar oorskry nie. Egte spinnekoppe daarenteen lewe langer, maar hulle is ook baie rustiger.....afwagterig, meer doelgerig, ietwat hoër ontwikkel as die Solifugae.

Inligtingsbronne: Free Encyclopedia of Wikipedia
 Tharina Bird (Deskundige rakende Solifugae) **(Baie dankie)**
 GOGGAgids (Erik Holm en Ansie Dippenaar-Schoeman)
 Filmer's SPIDERS (Martin Filmer, Norman Larsen)
 Foto :geveg tussen Solifugid en skerpioen: Free Encyclopedia of Wikipedia)
 Teks en resfotos: Anka Eichhoff